Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2022-05-11

Geagte Ouer/Voog

OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MEI 2022

GR 1 : 2023 OPEDAG - MNR GERICKE/ME VAN STADEN

Alle voornemende Gr 1 leerlinge van alle kleuterskole in Boksburg, Germiston en Brakpan en hul ouers word hartlik uitgenooi na Laerskool Elspark se opedag.

Datum: 28 Mei 2022
Tyd: 8:00 tot 11:00
Tema: "Dis hoe ons rol"

Kom loer gerus in en vergewis uself van al die wonderlike geleenthede wat Laerskool Elspark u kind kan bied.

Ons sien uit daarna om u hier by ons te verwelkom.

WINTERSDRAG - MNR GERICKE

Alle leerlinge en ouers moet asb. bewus wees van die korrekte wintersdrag. Daar word 'n oorgangstydperk ingestel maar let asb. daarop dat die wintersdrag verpligtend is vanaf 16 Mei.

'n Netjiese leerling stap alreeds gefokus en gedissiplineerd die skoolterrein binne.

ADDISIONELE VAKANSIEDAE - MNR GERICKE

NB! Neem asb. kennis dat die voorafgaande dag 'n normale skooldag sal wees en dat die skool op die normale tyd sal verdaag.

NB! - Addisionele vakansiedae-2de kwartaal

Donderdag, 16 Junie - Jeugdag
Vrydag, 17 Junie - Skoolvakansiedag

NASKOOLSENTRUM - ME Mc KENZIE

Maak asb. seker dat u leerlinge betyds kom afhaal, die sentrum sluit om 17:30. Neem asb. kennis van die volgende:

Die naskoolsentrum is gesluit op die volgende vakansiedae:

16 Junie - Jeugdag
17 Junie - Skoolvakansiedag

AFWESIGHEDE - MNR DENNER

Heelwat van die leerlinge is op 'n Vrydag en 'n Maandag afwesig sonder 'n geldige rede. Alle leerlinge is verplig om elke dag by die skool teenwoordig te wees.

Indien u kinders siek is of 'n onvoorsiene noodgeval plaasvind, stel die skool in kennis. Leerlinge handig 'n doktersbrief of 'n nota van die ouer/voog by die registeronderwyser die volgende dag in.

U as ouer/voog is verplig om toe te sien dat u kind/kinders elke dag by die skool teenwoordig is.

SKOOLGELDE VIR 2022 - MNR GERICKE

SKOOLGELDBETALING 2022				
	ITEM	**BEDRAG PER MAAND**	**TYDPERK**	**BEDRAG VIR 2022**
1	**Skoolgeld vir enkelkind**	1512	**12 Maande**	**18144**
2	**Skoolgeld vir tweede kind**	1512 (3024)	**12 Maande**	**18144**
3	**Skoolgeld vir derde kind**	606 (3630)	**12 Maande**	**7272**
Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se skoolgeld is reeds betaalbaar.				
4	**Naskoolgeld vir 'n enkelkind**	**1100**	**11 Maande**	**12100**

5	Naskoolgeld vir tweede kind	1100 (2200)	11 Maande	12100
6	Naskoolgeld vir derde kind	1100 (3300)	11 Maande	12100
Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie.				
7	Kleuterskool skoolgeld vir elke kind	1638	12 Maande	19656
Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Mei se geld is reeds betaalbaar. Geen subsidie word toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool				

Uitstaande gelde!!!
Daar is ouers wat alreeds agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

Bankbesonderhede:
ABSA Bank
Tjekrekening no: 230 301 360
Takkode: 632005
Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad

Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer.

ABBA OUERS:
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

NB! Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.

KOSPAKKIES VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE - ME KOMEN

Ons voorsien tans ongeveer 60 behoeftige leerlinge met daaglikse kospakkies. Hierdie kossies is in sommige gevalle die enigste kos wat die leerling sal kry vir die dag.

Indien dit vir u moontlik is om 'n bydrae te maak, of om die kospakkies te verskaf, voltooi asb. die onderstaande strokie en stuur dit terug na Me Komen.

PRODUKSIE 2000 - ME MITTON

Datum : Vrydag 13 Mei 2022
Koste: R20 per leerling (Betaal by klasvoog)
Plek: Skoolsaal

"Die Dag toe Tyd Stilgestaan het" / "The Day Time Stood Still": Hierdie produksie is baie terapeuties. Die Engelse woord "it's healing" beskryf wat ons aanbied die beste. Dit plaas die afgelope twee jaar in perspektief en wys duidelik wat ons uit die pandemie leer.

Vol humor (maar nie onsensitief nie) en word deur beide leerlinge en opvoeders geniet. 'n Boelie dra die storielyn en stresontladingstegnieke word vir die gehoor gedemonstreer. Hierdie produksie is goud werd.

DAPPER NAGSTAPPER - ME ELSA VAN STADEN

Dapper Nagstapper wenners!!!
Juniors:
1ste - Marlene Wiid
2de - Zanell Travens & David Johnson
3de - Kaylee Stoman

Seniors:
1ste - Partum du Plessis
2de - José Rudolph
3de - Leané Coetzee

ENTREPRENEURSDAG - ME LOURENS

Entrepreneursdag skuif na Woensdag, 15 Junie. 'n Gedetailleerde brief sal uitgestuur word nader aan die datum.

FOTODAG - ME ERASMUS

20 Junie - klas en individuele foto's
21 Junie - rugby & netbalspan foto's

MINI-NETBAL - ME DE BRUYN

Baie sterkte aan die mini-netbal dogters wat Saterdag 14 Mei 2022 by Laerskool Dalview deelneem aan die mini-netbaldag.

Alle O/7, O/8 en O/9 A, B en C spanne speel.
Die eerste rondte begin stiptelik om 08:00. Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees en geen verversings sal toegelaat word nie. Toegang is R10 per persoon. Daar sal parkering beskikbaar wees op die B-veld teen R10 per motor.

NETBAL - ME S DU TOIT

Wedstryde (NB! Uitspeel datums kan moontlik verander):

- 19 Mei Liga vs President Steyn (weg)
- 23 Mei D16 Uitspele
- 25 Mei D16 Uitspele
- 2 Junie D16 wenners vs Ekurhuleni B uitspele
- 10 en 11 Junie Ekurhuleni Uitspele
- 15 en 16 Junie GSN uitspele

C-SPAN NETBAL - ME M BOTHA

Wedstryde:

- 12 Mei vs L/s Goudrand **(weg)**
- 17 Mei vs Curro Parkdene **(tuis)**

Maak asseblief seker dat dogters gepaste oefenklere, tekkies en water inpak vir die oefening. Sien julle by die oefening!

RUGBY - MNR SERFONTEIN

Wedstrydbepalings vir die res van die kwartaal:

Woensdag, 18 Mei	Laerskool Edleen	(weg)
Woendsdag, 25 Mei	Aston Manor Primary	(tuis)
Woensdag, 1 Junie	Laerskool Delmas	(tuis)

SKAAK - ME FANOE

7 skole het deelgeneem op 07 Mei 2022 by Martin Primary. Baie dankie aan elke ouer en leerder wat deel was van die dag.

Resultate

SNR A Span :

1ste plek – Martin Primary
2de plek – Maranatha Christian School
3de plek – Laerskool Elspark

SNR B Span :

1ste plek – Laerskool van Dyk Park
2de plek – Alston Primary
3de plek – Laerskool Elspark

Maak seker jy kom vir oefening !

BOOGSKIET – ME JACOBS

Kompetisies:

14 Mei	Laerskool Randfontein Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 9 Mei
21 Mei	Laerskool Elspark Elspark (R60) Sluitingsdatum: 16 Mei
28 Mei	Laerskool Jan Viljoen Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 23 Mei
11 Junie	Hoërskool Riebeekrand Randfontein (R60) Sluitingsdatum: 6 Junie
9 Julie	Al-aqsa School Lenasia (R60) Sluitingsdatum: 4 Julie

JUNIORKOOR: KOKKEWIETE – ME VISSER

Oefening in die Media (13:30 tot 14:15):

Maandag, 16 Mei
Maandag, 23 Mei

Laaste oefening voor die eksamen!

Maandag, 30 Mei

SENIORKOOR - ME TERBLANCHE

Datums vir kooroefening (13:45 tot 15:00):
Maandag, 16 Mei
Maandag, 23 Mei
Maandag, 30 Mei

Let wel: Maandag, 30 Mei is die laaste oefening vir die kwartaal voor die eksamen begin.

COMMUNICATOR/FACEBOOK/TIKTOK - ME S DU TOIT

Wil jy deel wees van ons Facebook gemeenskap? Ons deel inligting, prestasies en sommer net lekker wenke. U kan ons vind op Facebook - ***Elspark Elsie***.
Die communicator hou u op hoogte van gebeure by u kind se skool.

Stay Connected

Gaan laai die D6 Communicator af op u rekenaar/ slimfoon op die playstore of gebruik die volgende skakel:

http://www.school-communicator.com/

Elsies is nou op TIKTOK ook. Gaan volg ons gerus @superelsies!

OPVOEDING - ME GROBLER

Ons almal weet dit is belangrik om vir jou kinders boeke te lees, maar min ouers is bewus van hoe belangrik dit is om met hul kinders te gesels.

Bogenoemde het 'n groot invloed op u kind se taal- en begripsvermoë.

Waaroor moet jul gesels?
Gebruik gebeure van die dag of onderwerpe waarin u kind belangstel as aanknopingspunt. Kinders geniet dit ook om na "staaltjies" uit hul ouers se kinderjare te luister.

Wanneer moet jul gesels?
Geselsies kan plaasvind wanneer u en u kind saam iets doen bv. 'n uitstappie in die park, 'n rit in die motor of terwyl jul wag vir die dokter. Hierdie onbeplande, informele geselsies is dikwels die lekkerste en beslis sinvol.
NB! Moenie toelaat dat die selfoon inbreuk maak op u en u kind se "geselstyd" nie.

DISSIPLINE - MNR MULLER

1. Sê "asseblief" wanneer jy iets vra.
2. Sê "dankie" wanneer jy iets kry.
3. Moenie grootmense in die rede val nie.
4. Wanneer jy twyfel of jy iets mag doen, vra eers.
5. Klop aan toe deure en luister of iemand antwoord voor jy ingaan.

6. Sê dadelik ekskuus wanneer jy in iemand vasloop.
7. Wanneer 'n grootmens jou vra om iets te doen – moenie kla nie.
8. Moenie opmerkings maak oor 'n ander mens se lyf nie, tensy dit 'n kompliment is.
9. Moet nooit iemand spot nie.
10. Hou jou hand voor jou mond wanneer jy hoes of nies.

DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Hemelse Vader wat altyd Sy beskermende Hand oor ons skool hou en ons so ryklik seën.
- Baie dankie aan ons positiewe ouergemeenskap, wees verseker ons waardeer u.
- Dankie aan al ons LEOS ouers wat soveel van hul tyd opoffer. Elkeen van u maak 'n verskil in 'n kind se lewe!

Job 8:20

God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie dié by wat onreg doen nie.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

JAARTEMAS:
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
LEIERSKAP (2022)
www.laerskoolelspark.co.za

Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge

Ek _____ ouer/voog van _____ in gr ____ is bereid om toebroodjies te maak vir 60 leerlinge _____ keer per kwartaal.

_____ _____

Handtekening Kontaknommer